

**N.G. Gemeente Vaalpark**

**Gebedsbulletin no 38**

**17 September 2023**

## Moderne vorme van afgodery

**Aan die wortel van alle afgodery of aanbidding van die self is daar die drie luste wat in 1 Joh 2:16 (OV) genoem word: "Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld."**

**Afgodery is volgens die woordeboek "die aanbidding/verering van afgode of oormatige toewyding aan of eerbied vir 'n individu of voorwerp."**
**'n Afgod is enigiets wat die een, ware God vervang.**
**Al die verskillende vorme van afgodery het een ding gemeen: die self. Die meeste mense in die wêreld buig nie meer voor afgode en beelde nie. In plaas daarvan aanbid ons by die altaar of die god van die self. Hierdie tipe van modern afgodery neem verskeie vorme aan.**
**Die altaar van MATERIALISME**
**Ons aanbid eerstens by die altaar van materialism, wat ons behoefte voed om ons ego's op te bou deur meer "goed" te bekom. Hierdie onversadigbare hunkering na meer, beter, mooier, en nuwer goed is niks anders as om te begeer nie. God wil nie ons inkopies bederf nie; Hy weet egter dat ons nooit vreugde sal vind deur ons materialistiese begeertes te bevredig nie. Materialisme is satan se vangstrik om ons fokus op onsself en nie op God gerig te hou nie.**
**Die altaar van HOOGMOED**
**Tweedens aanbid ons by die altaar van ons eie hoogmoed en ego. Dit neem dikwels die vorm aan van obsessie met loopbane en werksgeleenthede. Mans en toenemend vroue bestee 60-80 ure per week aan werk; ons breine besig met gedagtes oor hoe om ons besighede meer suksesvol te bedryf, hoe om daardie bevordering te kry, hoe om die volgende verhoging te kry of om die volgende transaksie te beklink. Intussen smag ons kinders na aandag en liefde. Ons jok vir onsself om te dink da tons dit vir hulle doen; sodat hulle 'n beter lewe kan hê. Die waarheid is da tons dit vir onsself doen, om ons gevoel van eiewaarde te verhoog deur meer suksesvol te lyk in die oë van die wêreld. Dit is dwaasheid. Dit sal van geen nut wees ná ons dood nie omdat hierdie dinge geen ewigheidswaarde het nie.**
**Die altaar van die MENSDOM**
**Derdens verafgod ons die mensdom – én bo alles, onsself – deur naturalisme en die krag van wetenskap. Dit klou aan die illusie dat ons heersers van ons wêreld is en ons bou 'n eie selfbeeld asof ons gode is. Ons verwerp God se Woord en sy beskrywing van hoe Hy die hemele en die aarde geskep het. Hierdie hemel en aarde is tydelik.**
**2 Pet 3:10-13"… Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers." Laat ons fokus om heilig te lewe, terwyl ons met blydskap uitsien na die wederkoms van ons Here en Verlosser! Net Hy verdien om aanbid te word!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente dat hulle God se liefde vir hulle sal ontdek.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.

**Gebedsversoeke**

| | |
|---|---|
| • Lottie Conradie | Cedric Wiegand |
| • Maria Steyn | Ria Putter |
| • Oom Sampie Swart | Tannie Martie de Beer |
| • Jaco Steenkamp | Monty Pienaar |
| • Tannie Marinda Jordaan | Heleen Lamont |
| • Louis Strauss | Heinrich Kotzé |
| • Annika Killian | Sumari Pretorius |
| • Leonie Kruger | James Vermaak |
| • Albert Glockzin | Theuns Pelser |
| • Jillian Jansen | Rudi Kruger |
| • Neil Hauman | Frik Blom |
| • Willie Britz | Jan-Harm Pretorius |
| • Tilly van Huysen | Jaap Naude |

**Gedagte vir die week**

**Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy ingesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie maar uit die wêreld. En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe. (1 Joh 2 :15-17)**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org